



Official Gazette



Offisiële Koerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICES: S.A... 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

Vol. 229

PRETORIA 27 AUGUST 1986
27 AUGUSTUS

4461

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL (Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in at Room A1020(a), Provincial Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R21,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 50c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 40c each plus GST.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All Advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R1,80 per centimetre. Repeats R1,20.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

CGD GROVE
Provincial Secretary

Proclamations

No 49 (Administrator's), 1986

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Provincial Government Act, 1961 (Act 32 of 1961), I hereby proclaim the road as described in the Schedule

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL (Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit by Kamer A1020(a), Provinsiale Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R21,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 50c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 40c elk plus AVB.

Verkrygbaar by Kamer A600, Provinsiale Gebou, Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aanneme van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R1,80 per sentimeter. Herhaling — R1,20.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

CGD GROVE
Provinsiale Sekretaris

Proklamasies

No 49 (Administrateurs-), 1986

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance", 1904, gelees met artikel 80 van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961), proklameer ek hierby die pad soos

hereto as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Benoni.

Given under my Hand at Pretoria, this 11th day of August, One thousand Nine hundred and Eighty six.

W A CRUYWAGEN
Administrator of the Province of Transvaal
PB 3-6-6-2-6-21

SCHEDULE

A road over Holding 210 (in extent 685 m²), Rynfield Agricultural Holdings as indicated by the letters A B C D on Diagram SG A11492/85.

No 50 (Administrator's), 1986

PROCLAMATION

In terms of section 2 of the Municipal Consolidated Loans Fund Ordinance, 1952 (Ordinance 9 of 1952), I hereby declare that the provisions of the said Ordinance shall apply to the Town Council of Akasia with effect from 1 July 1986.

Given under my Hand at Pretoria, this 7th day of August, One thousand Nine Hundred and Eighty-six.

W A CRUYWAGEN
Administrator of the Province of Transvaal
PB 3-5-5-2-90

No 51 (Administrator's), 1986

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Provincial Government Act, 1961 (Act 32 of 1961), — I hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Springs.

Given under my Hand at Pretoria, this 12th day of August, One thousand Nine hundred and Eighty-six.

W A CRUYWAGEN
Administrator of the Province of Transvaal
PB 3-6-6-2-32-25

SCHEDULE

The letters ABCJ, HDEG and GEF together represent a road over Erf 101, a sanitary lane and a portion of Erf 98, Springs Township as indicated on Diagram SG A678/86.

Administrator's Notices

Administrator's Notice 1593 27 August 1986

ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

omskryf in die bygaande bylae tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Benoni.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 11e dag van Augustus, Eenduisend Negehonderd Ses-en-Tagtig.

W A CRUYWAGEN
Administrateur van die Provinsie van Transvaal
PB 3-6-6-2-6-21

BYLAE

'n Pad oor Hoewe 210 (groot 685 m²), Rynfield Landbouhoewes soos aangedui deur die letters A B C D op Kaart LG A11492/85.

No 50 (Administrateurs-), 1986

PROKLAMASIE

Ingevolge die bepalings van artikel 2 van die Ordonnansie op de Gekonsolideerde Leningsfonds vir Munisipaliteite, 1952 (Ordonnansie 9 van 1952), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Ordonnansie op die Stadsraad van Akasia, met ingang van 1 Julie 1986 van toepassing sal wees.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 7e dag van Augustus, Eenduisend Negehonderd Ses-en-tagtig.

W A CRUYWAGEN
Administrateur van die Provinsie van Transvaal
PB 3-5-5-2-90

No 51 (Administrateurs-), 1986

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance", 1904, gelees met artikel 80 van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961), proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande bylae tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Springs.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 12e dag van Augustus, Eenduisend Negehonderd Ses-en-tagtig.

W A CRUYWAGEN
Administrateur van die Provinsie van Transvaal
PB 3-6-6-2-32-25

BYLAE

Die letters ABCJ, HDEG en GEF stel tesame 'n pad voor oor Erf 101, 'n sanitêre steeg en 'n gedeelte van Erf 98, Springs Dorpsgebied soos aangedui op Diagram LG A678/86.

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 1593 27 Augustus 1986

MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.